

**Saterdag 16 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 104:27-30**

**Fokusgedeelte: Psalm 104:30**

**God gee lewe!**

Die Psalmdigter is buite homself oor God en sy skeppingswerk. Gaan kyk net hoe Hy vir alles sorg! Dit bring jou tot die besef dat die Here sy oop hand oophou. Sy geopende hand is tog die bepalende faktor in my en jou lewe. Daarsonder kan niemand lewe nie.

Gaan dink weer oor jou eie lewe na. Besef jy werklik hoe afhanklik jy van God is? Alles is in sy hande. Elke lewende wese is van Hom afhanklik. Alles en almal lewe uit sy hand. Dink net hoe ons groot en goeie gawes uit sy hand kry. Hy strooi sy gawes so in oorvloed oor ons uit om ons lewens met al die goeie dinge te vul.

Ons is só afhanklik van Hom dat die oomblik wanneer Hy Homself en sy gawes van ons onttrek, ons heeltemal in duie stort. Oomblik vir oomblik gee Hy asem. Hierdie asem is baie meer as om suurstof in en uit te asem! Dit is om in 'n lewende verhouding met Hom te lewe. Neem Hy dit en ons asem weg, dan is dit verby met ons. Ons word weer stof!

Die lewendmakende Gees van God is egter ook in jou lewe besig. Hy wek ons uit ons sondegebroke lewe op. Hy gee aan ons die nuwe lewe. 'n Lewe binne 'n lewende verhouding met Hom.

Net God maak sy hand op die regte oomblik oop. Daarvoor moet ons bid en gelowig op sy Heilige Gees wag. Selfs al swoeg en sweet ons, net God se oop hand laat ons in die vrug van ons harde arbeid deel.

*Sing: Skrifberyming 16-1:1, 2*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*